Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2012

# MUSIEK V1 MEMORANDUM

**PUNTE: 120**

Hierdie memorandum bestaan uit of 33 bladsye.


## AFDELING A: MUSIEKTEORIE

## VRAAG 1


Bestudeer die *Hunting Song* uit *Album for the young*, gekomponeer deur Robert Schumann en beantwoord die vrae wat daarop volg.



1.1 Transponeer die gegewe fragment hieronder 'n majeur 3^de^ hoër. Voeg die nuwe toonsoortteken by.



**Antwoord:**




**Toonsoortteken = 1 punt**
**Notasie = ½ x 6 note = 3 punte**

(4)

1.2 Herskryf die note in die blok genommer A in maat 7 in die alt-sleutel.

**Antwoord:**



**Sleutel = ½ punt**
**Notasie = ½ x 3 = 1½**

(2)

1.3 Noem die intervalle by B in maat 8 en C in maat 12.


**Antwoord:**

**B Volmaakte 4de**

**C Verminderde 5de**

(2)

1.4 Skryf die omkering van die interval by G in maat 21, en noem die omgekeerde interval volgens distansie en tipe.




**Interval: Majeur 3de**

(2)

1.5 Noem die tipes drieklanke en die omkerings by D in maat 15, E in maat 18 en F in maat 21 bv. Vergrote drieklank in eerste omkering.

**Antwoord:**

D **Verminderde drieklank in 2de omkering**

E **Majeur drieklank in grondposisie**

F **Mineur drieklank in 1ste omkering** (6)

1.6 Voeg die tydmaattekens by (a), (b), (c) en (d) van die volgende melodieë.


(a)



(b)



(c)



(d)




**Antwoord:**



(4)
**[20]**

**VRAAG 2**

Bestudeer die onderstaande vierstemmige fragment en volg die instruksies.




2.1 Noem die toonsoort van die fragment.

**Antwoord:** **G Majeur** (1)

2.2 Wat is die betekenis van die Italiaanse term '*allegro*'?

**Antwoord:** **Vinnig/lewendig/opgewek/helder.** (1)

2.3 Verander die sopraan-lyn deur nie-harmoniese note by (a) en (b) op die partituur by te voeg.

**Antwoord:** **Sien musiekpartituur.** (2)

2.4 Noem die nie-harmoniese note wat jy by (a) en (b) gebruik het.

**Antwoord:**
**Die onderwyser moet die note wat die leerder neergeskryf het identifiseer bv.**

(a) **Deurgangsnoot**
(b) **Wisselnoot**

(2)


2.5 Met watter kadens sluit die fragment?

**Antwoord:** **Volmaakte kadens.** (1)

2.6 Besyfer die drie akkoorde in laaste maat bv. IV, B/D, I ens. op die musiekpartituur.

(½ punt vir die korrekte antwoord sonder omkering.)

**'n Moontlike antwoord:**




(3)
**[10]**

**VRAAG 3**

3.1 Skryf die relatiewe harmoniese mineur toonleer (slegs stygend) van Ab majeur, in eenvoudige vierslagmaat, met die toonsoortteken.

**Antwoord:**



**Korrekte toonsoort = 1**
**Tydmaatteken = 1**
**Notasie = 3** (5)


3.2 Identifiseer die volgende toonleer/modus.



**Antwoord:** **Dories** (1)

3.3 Skryf die C blues-toonleer sonder toonsoortteken.

**Antwoord:**




(4)
**[10]**

**VRAAG 4**

Kies EEN van die gegewe openingsmotiewe om 'n 8-maat melodie in AB-vorm te voltooi. Sluit dinamika- en artikulasietekens by. Noem die instrument waarvoor jy hierdie melodie skryf.

4.1 Instrument: ------------------------------------------------




Nasienriglyne:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Keuse van Instrument | 1 |
| Vorm en kadenspunte | 4 (2 + 2) |
| Musikaliteit | 7 |
| Dinamika en artikulasie | 2 |
| Korrektheid van notasie | 2 |
| **TOTAAL** | 16 ÷ 2 = **8** |

**[8]**

**OF**

4.2 **Instrument:** ________________________________________



Nasienriglyne:


| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Keuse van Instrument | 1 |
| Vorm en kadenspunte | 4 (2 + 2) |
| Musikaliteit | 7 |
| Dinamika en artikulasie | 2 |
| Korrektheid van notasie | 2 |
| **TOTAAL** | 16 ÷ 2 = **8** |

**[8]**


**VRAAG 5**

Beantwoord óf VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1 Harmoniseer die volgende melodie, gebruik ten minste EEN deurgangsnoot of wisselnoot en ’n volmaakte kadens aan die einde.



**Moontlike antwoord:**




| Nasienriglyn: | |
|---|---|
| Korrektheid: (11 akkoorde) | = 4 punte (- ½ punt per fout) |
| Keuse van akkoorde: (11 akkoorde) | = 6 punte (- ½ punt per fout) |
| Algemene Indruk: | = 2 punte |

**[12]**

**OF**

5.2 Bestudeer die onderstaande uittreksel uit *Pebble Hill* en volg die instruksies.

PEBBLE HILL




5.2.1 Noem die akkoord-simbole by (a) tot (e) bv. D/F#

**Antwoord:**

(a) **E/G#**
(b) **A**
(c) **D/A**
(d) **Bm7/ A**
(e) **Dma7/ A** (5)

5.2.2 Voltooi die partituur deur SEWE gepaste akkoorde van jou keuse in te vul. Gebruik meestal gepunteerde halfnote.

**Moontlike antwoord:**

PEBBLE HILL




(7)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

### VRAAG 6: BAROKMUSIEK – ORATORIUM

6.1 Kies VIER stellings/woorde wat relevant is tot die **Hallelujah-koor**. Skryf slegs die letters van die relevante stellings neer bv. 6.1 B, C ens.

A Kragtig

B Klavierinleiding

C Vloeiende melodie in die laer registers wat herhaal word.

D Hoë geaksentueerde akkoorde wat deur dalende voortsnellende passasies beantwoord word.

E Teks uit die boek Openbaring

F Klimaks van orkestrale trillers.

G Skielike veranderinge tussen monofoniese, polifoniese en homofoniese teksture

H Hoë "tikkende" ostinato figuur.

I Drie afdelings

J Woorde en frases word herhaal

**Antwoord:**

**A, E, G, J** (4)

6.2 Verduidelik hoe die tekstuur en dinamika behandel word in die koor '*For unto us a Child is born'.*

**Antwoord:**

**TEKSTUUR:**

- Die tekstuur is lig, dikwels met slegs een of twee stemme wat gelyktydig sing.
- ʼn Deursigtige polifoniese tekstuur word vir die woorde "*For unto us a Child is born, unto us a Son is given"* gebruik.
- Verander van polifoniese na homofoniese tekstuur.

- Onderdrukte dinamika tot die treffende akkoord-uitbarsting in *Wonderful, Counsellor* verander van *p* tot *ff.* (4)

6.3 Beskryf EEN van die volgende werke met betrekking to struktuur, vorm en orkestrasie.

6.3.1 Vivaldi: *Primavera, The Four Seasons*

6.3.2 Bach: *Orkes- Suite no. 3 in D majeur*

6.3.3 Bach: *Prelude en Fuga in c mineur, uit Das Wohltemperirte Clavier*, 1ste Boek

6.3.4 Corelli: *Trio sonata in a mineur, op.3, no.10*

6.3.5 Bach: *Cantata 140, Wachet auf* (4)

**Antwoord:**

6.3.1 Vivaldi: Primavera, *The Four Seasons*

- Vier solo-concerto's vir viool, strykorkes en basso continuo.
- Elkeen van hierdie concerto's beeld klanke en gebeurtenisse wat geassosieer word met een van die seisoen uit.
- Die beskrywende effekte in die musiek stem met die beelde en idees in die sonnette wat elkeen van die vier concerto's voorafgaan.
- Om sy bedoelings duidelik te maak, het Vivaldi lyne uit die gedigte by die gepaste passasies in die musiek-partituur geplaas, en het beskrywende titels bygevoeg.
- Die concerto's *Spring, Summer, Autumn,* en *Winter* is voorbeelde van barok programmusiek, of instrumentale musiek wat met ŉ storie, gedig of idee geassosieer word.
- *Spring* het drie bewegings: (1) vinnig, (2) stadig, (3) vinnig.
- Beide die eerste en laaste bewegings is in ritornello-vorm.
- Eerste beweging: allegro, in E majeur, open met ŉ energieke ritornello wat die aankoms van lente uitbeeld.
- Na die ritornello, wissel die beweging tussen uitgebreide solo afdelings wat musikale toonkleure bevat, en kortstondige tutti afdelings wat deel van die ritornello tema aanbied.
- Voëlsang word deur hoë trillers en herhaalde note gespeel deur die viool-solis en twee viole uit die orkes nageboots.
- Murmurerende strome word deur sagte lopende note deur die viole gesuggereer.
- Tremolo's deur die strykers en vinnige toonlere verteenwoordig donderweer.
- Na die storm, kom die ritornello in ŉ mineur-toonsoort in plaas van ŉ majeur-toonsoort voor.
- Al die skilderagtige passasies in die eerste beweging verskaf kontraste van teksture en dinamika tussen die terugkeer van die ritornello-tema.
- Die allegro se melodieusheid, ritmiese lewenskragtigheid en ligte homofoniese tekstuur, roep die gevoel van lente op. (4)

**OF**

6.3.2 Bach: *Orkes-Suite no. 3 in D majeur*

- Vyf bewegings: (1) Ouverture, (2) Air, (3) Gavotte, (4) Bourrée, (5) Gigue.
- Georkestreer vir twee hobo's, drie trompette, timpani, strykers en basso continuo.

Eerste Beweging

- Open met 'n majestueuse Franse ouverture.
- Energieke vinnige afdeling na 'n stadige openings-afdeling met gepunteerde ritmes.
- Opwaarts-bewegende tema, wat deur die eerste viool voorgestel en dan nageboots word deur die ander instrumente.
- Die vinnige afdeling is soortgelyk aan 'n concerto grosso met die afwisseling van standvastige tutti-passasies met ligte passasies wat die eerste viool beklemtoon.
- Na die vinnige afdeling, keer die stadige tempo, gepunteerde ritmes en majestueuse stemming van die inleiding terug.

Die tweede beweging

- Bevat een van Bach se bekendste melodieë.
- Dit is georkestreer vir slegs strykers en continuo en is kalm en liries, in kontras met die majestueuse- en energieke Franse ouverture.
- Die titel suggereer dat die beweging in die styl van 'n Italiaanse aria geskryf is.
- Die 'air' is nie aan 'n dans verwant nie.
- Dit is in AABB-vorm.
- Kombineer 'n egalige bewegende bas met 'n rapsodiese en ritmies onreëlmatige melodie deur die viole.

Die derde beweging

- Deur dans geïnspireer, begin met die gavotte in tweeslagmaat en teen 'n matige tempo en gebruik die volle orkes.
- Gavotte: I (AABB); gavotte II (CCDD); gavotte I (AB).

Die Bourrée (vierde beweging)

- 'n Selfs lewendiger dans in tweeslagmaat en is die kortste beweging van die suite.
- AABB-vorm.
- A: volle orkes, insluitend trompette en timpani
- B: drie keer langer as die A-afdeling en wissel luidagtige tutti passasies met sagter passasies vir strykers en hobo's.

Gigue (vyfde beweging)

- 6/8 tydslagmaat.
- AABB-vorm.
- Skitterende effek wanneer timpani en trompette by die res van die orkes aansluit. (4)

**OF**

6.3.3 Bach: *Prelude en Fuga in c mineur, uit Das Wohltemperirte Clavier*, 1ste Boek.

Prelude in C mineur:

- ʼn Studie in onophoudelike beweging.
- Hierdie beweging ontstaan uit aaneenlopende note wat amper onophoudelik verskyn.
- Die prelude groei grotendeels uit herhaalde patrone van agt vinnige note in beide die regter- en linkerhand.
- In die regterhand, is die eerste noot van die patroon die hoogste van die agt note.
- Die opeenvolging van hoë note vorm ʼn melodielyn wat uit kort herhaalde note bestaan.
- Teen die einde van die prelude, word die ritmiese voortdrywe kortliks onderbreek deur ʼn stadige ornamentele passasie in die styl van ʼn improvisasie.
- Soos om uit ʼn mymering te ontwaak, keer die prelude gou terug na vinnige note en sluit af met ʼn helder C majeur harmonie.

Fuga in C mineur:

- Ligter in stemming, veel korter, driestemmig en het In digte tema.
- Die tema groei uit ʼn beslissende vyf-noot fragment; twee kort note gevolg deur drie langer note.
- In die openings-afdeling van die fuga, meld elk van die drie stemme beurtelings – alt, sopraan en bas die tema, wat sonder begeleiding voorgestel word.
- Met die tweede verskyning, word die tema met ʼn kontra-tema wat met ʼn vinnige dalende toonleer begin, begelei.
- Die fugale-tema word agt keer verklaar: sewe keer in ʼn mineur-toonsoort en eenkeer in ʼn majeur toonsoort.
- Oorgangsepisodes het ʼn meer herhalende vloei van vinnige note; en verskeie verklarings van die tema word voorafgegaan.
- Die kontra-tema se vinnige toonleer begelei die tema se openingsfragment.
- Die melodiese idees word opvolgend herhaal en gevarieer.
- Die oorgang is geleidelik.
- Die laaste verskyning van die tema klink soos ʼn epiloog.
- Die fuga sluit met ʼn helder C majeur harmonie af. (4)

**OF**

6.3.4 Corelli: *Trio sonata in a mineur, op.3, no.10*

- Vir twee viole en basso continuo georkestreer.
- Die viole speel die twee lyne in dieselfde hoë register, speel beurtelings die melodiese idees, inmekaargestrengel en styg soms hoër as die ander.
- Die basso continuo is vir orrel en tjello of *theorbo* (bassluit).
- Die baslyn boots die melodiese idees wat deur die viole voorgestel word na.
- Die sonate bestaan uit vier kort bewegings.
- Al die bewegings is in dieselfde mineurtoonsoort, maar verskil in metrum, stemming en tempo.

Eerste beweging:
- Vinnig, lewendig, in vierslagmaat en bestaan uit gepunteerde ritmes.
- Word twee keer gespeel, sluit elke keer met 'n onvolmaakte kadens in die dominante toonsoort en skep die gevoel van verwagting.

Tweede beweging:
- Lewenskragtige *allegro*, *fugaal*, en in vierslagmaat.
- Die tema begin met 'n deurdringende herhaalde-noot motief.
- Die tema word deur die eerste viool voorgestel en dan in laer registers deur die tweede viool en tjello nageboots.
- Sluit met 'n onvolmaakte kadens in die dominante toonsoort en skep die gevoel van verwagting.

Derde beweging:
- Liedagtig en hartroerend, 'n kort adagio in drieslagmaat.
- Begin met 'n dalende sprong deur die eerste viool wat onmiddellik 'n toon hoër deur die tweede viool nageboots word.

Vierde beweging:
- Die langste en mees briljante allegro.
- Dansagtige werk in vierslagmaat, met elke maatslag wat in drie onderverdeel word.
- AABB-vorm.
- Afdeling B is drie keer so lank soos Afdeling A.
- Aan die einde van afdeling B, gebruik Corelli die enigste verandering in dinamika in die sonate: die afsluitende frase word sagter herhaal. (4)

**OF**

6.3.5 Bach: *Cantata 140, Wachet auf*

- Gebaseer op die koraalwysie *Wachet auf,* want die teks is geïnspireer deur die Evangelie vir hierdie spesifieke Sondag.
- Die gesang het drie strofes en word tot dieselfde melodie gesing.
- Bach het die koraalmelodie en teks in drie van die sewe bewegings in die kantata gebruik.
- Die koraalteks interpreteer die verhouding van die bruidegom en bruid.
- Die ander tekste van Cantata No. 140, vir duette en resitatiewe, beeld die verhouding tussen Jesus en die Godsdienstige individuele siel.
- Daar is nege melodiese frases, die eerste drie wat deel vorm van Afdeling A word onmiddellik herhaal.
- Die laaste frases van Afdeling A (frase 3) kom weer aan die einde van Afdeling B (frase 9) voor, en rond die koraalmelodie pragtig af.
- Die bewegings 1, 4 en 7 gebruik die koraalmelodie op verskillende maniere
- Instrumentasie: 2 hobo's, iolin piccolo (kleiner as gewoonlik en is 'n mineur derde hoër gestem) strykers en basso continuo.
- 1: Koor met orkes. Koraal, vers 1.
- 2: Resitatief vir solo-tenoor met continuo.
- 3: Duet vir sopraan en bas met iolin piccolo en continuo.
- 4: Tenore en koor sing die koraal in eenklank, strykers en continuo. Koraal vers 2
- 5: Resitatief vir bas, deur strykers en continuo begelei.
- 6: Duet vir sopraan en bas met hobo en continuo.
- 7: Koor verdubbeld deur orkes: Koraal vers 3 (4)

**[12]**

**VRAAG 7: KLASSIEKE MUSIEK**

7.1 Skryf 'n kort paragraaf oor Beethoven se *Sonata in c mineur, op.13, 3$^{de}$ beweging (Pathetique).* (6)

**Antwoord:**

- Die laaste beweging, in C mineur, vinnige en energieke rondo.
- Die skets is A B A C A B A-koda.
- Lewendige hooftema (A), in 'n mineur toonsoort, kontrasteer met die ander afdelings wat in 'n majeur toonsoort is.
- Die B afdeling sluit verskeie liriese temas in.
- Die C afdeling is polifonies en bevat idees wat van een hand na die ander afgewissel word.
- Afdeling B en C sluit albei met 'n gedrae dominant akkoord wat verwagting vir die terugkeer van die hooftema en toonsoort skep.
- Teen die einde van die stormagtige koda, word 'n gedrae akkoord onverwags gevolg deur die openingsnote van die hooftema in 'n majeurtoonsoort.
- Die vertroosting van die majeur toonsoort is kortstondig wanneer 'n vinnig dalende toonleer die beweging tot 'n magtige einde in C mineur bring. (6)

7.2 Noem SES eienskappe van EEN van die volgende werke van jou keuse.

7.2.1 Haydn: Trompet Concerto in Eb majeur: 3de beweging, Allegro

7.2.2 Haydn: Simfonie no.94 in G majeur, “Surprise”, Eerste beweging

7.2.3 Mozart: *Eine Kleine Nachtmusik*: 3de beweging, Minuet

7.2.4 Mozart: Don Giovanni: die duet *Lá ci darem la mano* en aria *di Catalogo* (6)

**Antwoord:**

7.2.1 **Haydn: Trompet Concerto in Eb majeur: 3de beweging, Allegro**

- Die derde beweging is ŉ verbysterende sonate-rondo, tweeslagmaat, waarin Haydn die trompetspeler se meesterlikheid vrye teuels gee.
- Die beweging kombineer die hooftema wat herhaal word, en kenmerkend is van rondo-vorm, met die ontwikkeling-seksie wat in sonata vorm voorkom.
- Die skets is A B A B’ A-ontwikkeling-seksie -A B” –koda.
- Die temas A en B word deur die orkes ingelei, en word dan grotendeels deur die trompet gespeel, met bystand van die orkes.
- Die hooftema, A, is ŉ opgewekte melodie wat geskik is vir die trompet.
- Die tema B is vrolik en bevat ŉ kort dalende frase wat verskeie kere herhaal word.
- Haydn se liefde vir musikale verrassings word in die koda weerspieël, wat skielike veranderinge in dinamiek, onverwagte harmoniese kinkels, en ŉ spannende lang pouse bevat. (6)

**OF**

7.2.2 Haydn: Simfonie no.94 in G majeur, “Surprise”, Eerste beweging

- Die stadige inleiding van die eerste beweging begin met ŉ vreedsame melodie wat tussen houtblasers en strykers verdeel word.
- Die stemming word ernstig soos ŉ kloppende ritme, ŉ crescendo en chromatiese harmonieë ŉ oomblik van onsekerheid skep.
- Die onsekerheid van die inleiding word opgelos in die *vivace assai*, ŉ vinnige, vrolike beweging in sonate-vorm.
- Die eerste tema is ŉ kortstondige dans-wysie wat saggies deur die strykers gespeel word.
- Dit word gevolg deur ŉ luidrugtige, energieke afdeling deur die hele orkes.

- Na die herhaling van die openingstema, duur die eksposisie voort met ’n lang, kragtige oorgangspassasie gespeel deur die hele orkes.
- Gedurende die oorbrugging, word die openingstema weer gehoor, maar hierdie keer aangepas en in ’n nuwe toonsoort.
- ’n Sorgvrye wals-melodie dien as die tweede tema van die eksposisie.
- Dit begin met ’n gesinkopeerde repetisie van ’n enkele noot en word sag deur die viole met ’n “oom-pah-pah” begeleiding deur die ander strykers gespeel.
- Haydn rond die eksposisie af met ’n grasieuse slottema wat deur die strykers ingelei word en dan deur die houtblasers vervolg word.
- Die res van die instrumente sluit kortliks aan en bring dan die eksposisie tot ’n opwekkende einde.
- Die eksposisie word herhaal.
- Die ontwikkeling begin sag soos Haydn die potensiaal van die eerste tema openbaar.
- In die oproerige vervolging van die ontwikkeling, word spanning deur motiewe van die oorbruggingspassasie wat onrustig deur mineurtoonsoorte beweeg.
- Na ’n skielike ***p***, sluit die ontwikkeling af met herhaalde note wat na die terugkeer lei.
- Vir ’n rukkie is alles “normaal” in die terugkeer; die eerste tema word gehoor, en is ’n verkorte vorm van die oorbruggingspassasie en die tweede tema.
- Voor die sluitingstema, brei Haydn die terugkeer uit deur ’n ryk polifoniese ontwikkeling van die eerste tema.
- Die terugkeer van die slottema bring ’n gevoel van ontspanning, en die beweging sluit juigend. (6)

**OF**

7.2.3 Mozart: *Eine Kleine Nachtmusik*: 3de beweging, Minuet

- *Eine Kleine Nachtmusik* is ’n *serenade,* in drieslagmaat, G majeur
- Gewoonlik in ’n ligte stemming
- Vir aandvermaak bedoel
- Geskryf vir ’n klein strykorkes of vir ’n strykkwartet en ’n kontrabas.
- Die kontrabas speel die tjello deel ’n oktaaf laer.
- Die derde beweging is ’n hoflike minuet in A B A-vorm.
- Die A (minuet) afdeling is statig, meestal luidrugtig en staccato, met ’n gemerkte maatslag.
- Die B (trio) afdeling is intiem, sag en legato. Die murmurerende begeleiding dra tot die egalige vloei van die musiek by. (6)

**OF**

7.2.4 Mozart: Don Giovanni: die duet *Lá ci darem la mano* en aria *di Catalogo*

**Die duet *Lá ci darem la mano***

- Die duet begin *andante*, en sluit *allegro*.
- 2/4 tydslagmaat aan die begin en 6/8 tydslagmaat aan die einde van die duet.
- *Legato* melodie
- Vinniger ruiling tussen stemme.
- Stemme wat gedeeltelik oormekaar val.
- ŉ Vrolike wysie aan die einde.

**Aria *di Catalogo***

- Allegro, staccato note deur houtblasers.
- Langer note, korter note en opgeruimde vinniger note.
- *Andante con moto*, hoflike minuet.
- Dappere versiersels.
- Beleefde melodiese frases.
- Crescendo, melodie styg stadig tot ŉ hoë toon. (6)

**[12]**

## VRAAG 8: ORKESMUSIEK

8.1 Kies EEN van die volgende definisies. Gee die naam van die orkes vir die definisie van jou keuse. Skryf slegs die naam van die orkes langsaan die vraagnommer in jou antwoordeboek.

8.1.1 ŉ Orkes wat bestaan uit houtblaasinstrumente of die kollektiewe terme vir die houtblaasinstrumente van ŉ orkes

8.1.2 Word ook ŉ verhoogorkes genoem met tussen 12 en 25 spelers

8.1.3 ŉ Klein groep van 3 tot 8 spelers

8.1.4 Bestaan gewoonlik uit groot groepe houtblasers, koperblasers en perkussie

**[2]**

**Antwoord:**

8.1.1 Blaasorkes

8.1.2 'Big band'

8.1.3 Jazz-orkes

8.1.4 Tradisionele/Konsert-orkes **[2]**

## VRAAG 9: POPULÊRE MUSIEK

Beantwoord die vraag oor EEN van die populêre musiekkunstenaars (9.1 – 9.5) wat jy bestudeer het. Nommer jou antwoord volgens die vraag gebaseer op die kunstenaar wat jy bestudeer het.

### 9.1 Rock en Roll: Elvis Presley

9.1.1 Verduidelik sy invloed op Amerikaanse kultuur asook die van die hele wêreld.

**Antwoord:**
Sy musiek het ŉ groot rol gespeel om rassisme in Amerika af te breek. (1)

9.1.2 Beskryf sy optredes op die verhoog.

**Antwoord:**
- Sy optredes is gereeld as onsedelik beskryf.
- Sommige van sy optredes moes onder toesig van die polisie gehou word, en hy moes sy bewegings op die verhoog afskaal. (2)

9.1.3 Hy het liedjies van verskillende genres gesing. Noem ten minste twee genres waarvan hy sulke liedjies gesing het.

**Antwoord:**
- Rock en Roll
- Country
- Gospel
- Rhythm en Blues (Enige 2 x 1) (2)

9.1.4 Noem een van sy albums of liedjies.

**Antwoord:**
**<u>Albums</u>**
- *That's The Way It Is*
- *Elvis Country*
- *Love Letters*
- *He Touched Me*
- *Aloha from Hawaii via Satellite*
- *Promised Land*

**<u>Liedjies</u>**
- *Jailhouse Rock*
- *Teddybear*
- *Blue suede shoes*
- *Hound Dog*
- *Love Me Tender*
- *You were always on my mind*
- *King Creole*
- *GI Blues* (Enige 1 x 1) (1)

**[6]**

**OF**

9.2 **First British Invasion: Die Beatles**

9.2.1 Die hoogs oorspronklike styl van die Beatles het uit ŉ verskeidenheid ander style ontwikkel. Noem TWEE van hierdie style.

**Antwoord:**
- Initial Blues
- Chuck Berry's rhythm and blues
- Elvis Presley
- Engelse volksmusiek
- Die lirieke van Bob Dylan (2)

9.2.2 Watter Indiese strykinstrument is in die musiek van die Beatles gehoor?

**Antwoord:**
Die Sitar (1)

9.2.3 Beskryf die gebruik van akkoorde en melodie.

**Antwoord:**
- Het clichés in die gebruik van akkoorde uitgelaat.
- Het altyd met nuwe style van melodiese komposisie en harmonie geëksperimenteer. (2)

9.2.4 Noem EEN album of liedjie.

**Antwoord:**
**Albums**
- *Sgt. Pepper's Lonely Hearts Club Band*
- *Magical Mystery Tour*
- *The Beatles*
- *Abbey Road*

**Liedjies**
- *Ob-La-Di, Ob La Da*
- *Let It Be*
- *She's Leaving Home*
- *Within You Without You*
- *Rain*
- *Lucy in the Sky with Diamonds*
- *A Day in the Life*
- *Eleanor Rigby*
- *I Want to Hold Your Hand*
- *Back in the USSR* (Enige 1 x 1) (1)

**[6]**

**OF**

9.3 **Euro Pop: ABBA**

9.3.1 Beskryf hoe hul aanvanklike roem begin het.

**Antwoord:**
Dit het begin met die Glamrock-liedjie *Waterloo,* wat die 'Eurovision Song Contest' in 1974 gewen het (1)

9.3.2 Hoe kan ABBA se musiek die beste beskryf word?

**Antwoord:**
Kommersiële popmusiek wat bekoorlik is vir jonk en oud. (1)

9.3.3 Waarom word vergrote drieklanke in die welbekende ABBA-lied *Mamma Mia gebruik*?

**Antwoord:**
Om harmoniese spanning te verhoog. (1)

9.3.4 Waarom het ABBA hul laaste optrede in Amerika gekanselleer?

**Antwoord:**
Agnetha was emosioneel te oorstuur na die vliegtuig waarin hulle gereis het ŉ lang tyd moes sirkel omdat ŉ storm hulle verhoed het om te land. (2)

9.3.5 Noem EEN album of liedjie; moenie die een wat alreeds in VRAAG 9.3.3 genoem word gebruik nie.

**Antwoord:**
**Albums**
- *Arrival*
- *Greatest Hits*
- *The Visitors*
- *The First Ten Years*
- *More ABBA Gold*
- *ABBA Live* (1)

**[6]**

**OF**

9.4 **Volksmusiek: Bob Dylan**

9.4.1 Wat was sy bydrae tot popmusiek?

**Antwoord:**
Hy is ŉ liedjieskrywer, sanger, skrywer, musikant en digter en het ŉ groot invloed op die ontwikkeling van popmusiek oor ŉ tydperk van 50 jaar as ŉ aktiewe kunstenaar gehad. (2)

9.4.2 Wat het aanvanklik die voorstelling van sy liedjies gestimuleer?

**Antwoord:**
Die voorstelling van sy liedjies is gestimuleer deur die opnames wat Joan Baez daarvan gemaak het. (1)

9.4.3 Bob Dylan het in ’n verskeidenheid genres gewerk. Noem enige TWEE van hierdie genres.

**Antwoord:**
- Country blues
- Rock ’n roll
- Rockabilly
- Keltiese ballades
- Jazz
- Swing
- Broadway
- Gospel (2)

9.4.4 Noem EEN album of liedjie.

**Antwoord:**
**Album:**
- *Slow Train Coming*

**Liedjie:**
- *Gotta Serve Somebody*

**L.W. Enige ander korrekte antwoord is aanvaarbaar.** (1)
**[6]**

9.5 **Disco: Donna Summer**

9.5.1 Beskryf die styl van haar liedjies.

**Antwoord:**
Haar suggestiewe en erotiese styl van liedjieskryf was baie gepas vir die disko kring. (1)

9.5.2 Hoekom is haar musiek nie deur ouers goedgekeur nie?

**Antwoord:**
Hulle het haar musiek as onsedelik bestempel. (1)

9.5.3 Noem TWEE musiekvertonings waarin sy deelgeneem het terwyl sy in Duitsland was.

**Antwoord:**
*Godspell* en *Showboat.* (2)

9.5.4 Wat het gemaak dat sy haar vroeë disko-opnames veroordeel het?

**Antwoord:**
Sy het ŉ wedergeborene Christen geword. (1)

9.5.5 Noem EEN album.

*Sally Go Round the Roses.*
*Lady of the night*
*I Feel love*
*This Time I know It's for Real* (1)
**[6]**

## VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE KOMPONISTE

Jy het een van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste bestudeer.

- Arnold van Wyk
- Pieter-Louis van Dijk
- B.B. Myataza

Skryf ŉ paragraaf oor die Suid-Afrikaanse komponis wat jy bestudeer het. Sluit biografiese inligting en stylkenmerke in. Noem TWEE verteenwoordigende werke wat die komponis geskryf het.

**Arnold van Wyk**

- Gebore in 1916 in Calvinia in die Kaap Provinsie.
- Het ŉ B.Mus Graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.
- In 1983 het hy die *Eeufees cantata* vir die konstruksie van die Voortrekker Monument in Pretoria geskryf.
- Het ŉ beurs om sy studies in Londen voort te sit waar hy in komposisie en klavier gespesialiseer het, gekry.
- Het ŉ reeks pryse vir sy komposisies, onder ander ŉ medalje van die Worshipful Company of Musicians ontvang.
- Het aan die genootskap van die Royal Academy of Music behoort.
- Gedurende die Tweede Wêreldoorlog, was Van Wyk ŉ vertaler en omroeper vir die BBC se Afrikaanse afdeling in Londen.
- Het musiek vir rolprente geskryf.
- Van sy komposisies is by die beroemde Midday Concerts opgevoer deur Dame Myra Hess.
- Met sy terugkeer na Suid-Afrika is sy komposisies gereeld opgevoer, veral die sangsiklus *Van Liefde en Verlatenheid.*
- Het aan die Universiteit van Kaapstad en later die Universiteit van Stellenbosch doseer.
- Hy het baie erkenning vir sy werk as komponis, onder andere ŉ eredoktorsgraad van die Universiteit van Kaapstad ontvang.

**Stylkenmerke:**

- Van Wyk se styl kan beskryf word as basies tonaal, met ŉ sensitiewe gevoel vir ryk chromatiek en die gebruik van losstaande akkoorde.
- Sy werk is konserwatief met geen tekens van die gebruik van die twaalftoontegniek.
- Sy styl is hoogs individualisties en is kenmerkend vry van ander invloede.
- Sy komposisies word deur die melodie gelei, wat dikwels verander as gevolg van die byvoeging van chromatiese note en word gekarakteriseer deur dissonante spronge.
- Ten spyte van die gereelde afwisseling van maatslae, is sy ritmes redelik ongekompliseerd.
- ŉ Kenmerkende gevoel van improvisasie word geskep.
- ŉ Kenmerkende eienskap is sy sensitiewe behandeling van die stem en die gebruik van ŉ verskeidenheid toonkleure in die orkes.

**Verteenwoordigende werke:**

- *Rhapsody*
- *Vier weemoedige liedjies*
- *Nagmusiek, Suiderkruis*
- *Primavera*
- *Van liefde en verlatenheid* **[9]**

**OF**

*Pieter-Louis van Dijk*

**Biografie:**

- Gebore in 1953 in Rotterdam, Holland.
- Skryf sy eerste komposisie op die ouderdom van nege.
- Sy familie het na Suid-Afrika verhuis en hy het hier sy musiekopleiding voortgesit.
- Hy is veelsydig op verskillende instrumente, onder andere die kitaar, viool, tjello, klavier, trekklavier, blokfluit, tromboon en perkussie.
- Hy het sy musiekopleiding aan die Universiteit van Kaapstad voltooi.
- Op die ouderdom van 19 het hy sy eerste opera, *The Contract,* gekomponeer.
- Hy was die jongste komponis wie se werke deur die SAUK uitgesaai is.
- Sy werke word gereeld in Suid-Afrika opgevoer, en ook in ander lande soos Amerika, Botswana en Duitsland.
- Hy word dikwels bemagtig om vir spesiale geleenthede musiek te skryf.

**Stylkenmerke:**

**Hy komponeer musiek wat die volgende verteenwoordig:**
- Balletmusiek
- Musiek vir koor en orkes
- Musiek vir kinders
- Verskeie werke wat deur die San kultuur geïnspireer is.

**Bekende werke:**

- *San Gloria*
- *San Chronicle*
- *The Selfish Giant*
- *The Rains people*
- *Follow that Flute*
- *Horizons* **[9]**

**OF**

*B.B. Myataza*

**Biografie:**

- Gebore in Engcobo distrik van die voormalige Transkei op 27 Januarie1912.
- ŉ Koorleier en komponis.
- Grotendeels self-geleerd.
- Die gereelde godsdienstige aande in sy ouerhuis het sy liefde vir musiek verder verdiep.
- Sy oupa het hom dikwels aangemoedig want dit was duidelik dat hy buitengewone talent gehad het.
- Gedurende sy studies is hy as die beste student in sang, bladlees en praktiese musiekonderrig benoem.
- Hy het sy musiekstudies voortgesit deur Trinity musiekeksamens af te lê.

**Stylkenmerke:**

**L.W. Die onderwyser mag ander relevante antwoorde wat nie in die memo voorkom nie aanvaar.**

- Koor komposisies
- Hy verwerk soms bestaande Xhosa-liedjies en gebruik hulle in sy eie komposisies.

**Sy mees bekende komposisies:**

- *Ingoma Phezu Kodonga Lomlambo*
- *Isigwebo Sethu Kukufa*
- *Lala Sana Lwam*
- *Uponi* **[9]**

## VRAAG 11: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS IN POPULÊRE MUSIEK

Beantwoord die vraag oor EEN van die Suid-Afrikaanse kunstenaars (Vraag 11.1 – 11.5) wat jy bestudeer het. Benommer jou antwoord volgens die vraag (kunstenaar) wat jy gekies het.

11.1 **Brenda Fassie**

11.1.1 Beskryf haar stem.

**Antwoord:**
Kragtig, veelsydig, vol tekstuur en maklik herkenbaar. (2)

11.1.2 Noem die liedjie wat in 1983 as ŉ "12 inch maxi" deur *CCP Record Company* vrygestel is.

**Antwoord:**
*Weekend Special.* (1)

11.1.3 Met watter bekende regisseur het sy in die laat 1980's saamgespan?

**Antwoord:**
Chicco Twala. (1)

11.1.4 Wanneer het sy gesterf?

**Antwoord:**
In Mei 2004. (1)
**[5]**

**OF**

11.2 **Savuka/Juluka (Johny Clegg)**

11.2.1 Beskryf die styl wat hy in sy liedjies gebruik.

**Antwoord:**
Sy liedjies is ŉ mengsel van tradisionele Zoeloe liedjies met Engelse tekste en ander Afrika-, Europese- en Keltiese musiekstyle. (2)

11.2.2 Met wie het hy die eerste multikulturele musiekgroep gevorm?

**Antwoord:**
Sipho Mchunu. (1)

11.2.3 Noem hul eerste album.

**Antwoord:**
*Universal Man.* (1)

11.2.4 Hoekom het Juluka ontbind?

**Antwoord:**
Mchunu moes na sy vader terugkeer. (1)
**[5]**

**OF**

11.3 **Mango Groove**

11.3.1 Beskryf hul musiekstyl.

**Antwoord:**
Hul styl bestaan uit ŉ unieke mengsel van *marabi, kwela* en popmusiek. (2)

11.3.2 Watter TWEE instrumente het hulle geweldig gewild gemaak en wie het dit gespeel?

**Antwoord:**
Die stem van Claire Johnston en die mondfluitjie van Mduduzi Magwaza. (2)

11.3.2 Uit hoeveel lede bestaan hierdie groep?

**Antwoord:**
Elf (1)
**[5]**

**OF**

11.4 **Abdullah Ibrahim**

11.4.1 Beskryf sy musiekstyl.

**Antwoord:**
Sy musiekstyl beeld baie invloede uit sy kinderjare en die multikulturele omgewing waarin hy gelewe het uit. (2)

11.4.2 In watter jaar het hy as ʼn professionele musikant begin optree?

**Antwoord:**
In 1949. (1)

11.4.3 Watter instrument speel hy hoofsaaklik wanneer hy as ʼn solis optree?

**Antwoord:**
Klavier, fluit en saksofoon (1)

11.4.4 Met wie het hy ʼn opname gemaak toe terugkeer na Suid-Afrika in die 1970's?

**Antwoord:**
Basil Coetzee en Robbie Jensen (1)
**[5]**

**OF**

11.5 **Louis Mhlanga**

11.5.1 Wanneer het sy loopbaan begin?

**Antwoord:**
1970's (1)

11.5.2 Watter instrument het hom bekend gemaak?

**Antwoord:**
Kitaar (1)

11.5.3 Watter groep het hy in 2001 gestig?

**Antwoord:**
Die Louis Mhlanga-orkes. (1)

11.5.4 Watter rol het hy gespeel in die Zimbabwiese Musieketnologie Trust?

**Antwoord:**
Hy was in beheer van die ontwikkeling van nasionale onderwysprogramme vir tradisionele- en hedendaagse Zimbabwiese musiek. (2)
**[5]**

## VRAAG 12: SUID-AFRIKAANSE TRADISIONELE MUSIEK

ŉ Kulturele dag is deur die Departement van Kuns en Kultuur in jou distrik georganiseer en alle leerlinge is genooi om musiek uit hulle eie kulture op te voer. Leerders van die Sotho- en Indiese kultuur vorm deel van die optredes.

Skryf die stylkenmerke/eienskappe van ÓF Sotho- ÓF Indiese Klassieke Musiek.

**ANTWOORD:**

### 12.1 Stylkenmerke van Sotho-musiek

- Die hoofvorm van die Basotho *lipina* is roep-en-antwoord.
- Die antwoord, deur die koor van ŉ groep, word herhaal, maar word aanhoudend aangepas.
- Die roep vorm beide die ritme en toonhoogte van die gedig se teks.
- Die roep sentreer rondom ŉ ander toonhoogte in vergelyking met die van die antwoord, en die twee toonhoogtes is gewoonlik ŉ heeltoon uitmekaar.
- Die antwoord hoef nie gehoor te word nadat die roep gestel is nie, en andersom.
- Die twee *lipina* elemente mag oormekaarval.
- Die roep-melodie is gewoonlik dalend, terwyl die melodie van antwoord stygend is.
- Die toonhoogtes van die melodie stem ooreen met die betekenis van die woord.
- Woorde wat op dieselfde manier geskryf is, maar teen verskillende toonhoogtes uitgespreek word, kan twee verskillende betekenisse hê.
- As gevolg van die respek vir die betekenis van woorde met betrekking tot hul toonhoogte, beweeg twee stemme parallel, met die gevolg dat parallel vierdes en vyfdes voorkom, wat tipies van Basotho musiek is.
- As min of meer dieselfde teks deur al die stemme gebruik word, word Basotho-liedere antifonies gesing – dit beteken dat die stemme opmekaar volg. Dit skep dan variasie.
- Verskillende stemme sing soms verskillende tekste, hiervandaan word ŉ vorm van variasie geskep.
- *Lipina* wat uit verskillende eras in Basotho-geskiedenis dateer, verskil van mekaar.
- Tradisionele liedere het aangepas by veranderende sosiale omstandighede.
- Liedere vertel normaalweg ŉ kort storie.
- Wie ook al die lied sing, hang af van die lied se funksie.
- Sommige liedere word slegs deur mans gesing, ander slegs deur vroue.
- Daar is ook liedere wat deur mans, vroue en kinders saamgesing word. **[10]**

**OF**

**Eienskappe van Indiese Klassieke Musiek**

- Dit word mondelings oorgedra.
- Dit is gebaseer op die melodiese stelsel van die *raga* en die ritmiese stelsel van die *tala*.
- Improvisasie vorm deel van die musiek, en het ŉ konstante klank wat ŉ dreun genoem word.
- Die dreun bestaan uit twee note wat ŉ volmaakte vyfde van mekaar af is. Dit vorm die tonale basis en word deur ŉ manlike solis vasgestel.
- Indiese musiek is nie genoteer nie, maar word oorgedra van individu tot student deur middel van 'voorbereide' improvisasies.
- Aangesien improvisasie so belangrik is, is opvoerings nooit dieselfde nie, maar verskil daagliks en van een oomblik na die ander.
- Die musiek van die Suide is gesentreer op die groot musiekliteratuur van die Hindoe-geloof.

**[10]**

**VRAAG 13: MUSIEKREGTE**

13.1 Waarvoor staan die afkorting SAMRO?

**Antwoord:**
Suid-Afrikaanse Musiekregte Organisasie. (1)

13.2 Wat is die implikasies van tantieme?

**Antwoord:**

- As ŉ komponis se werk in die openbaar of self opgevoer word, en mense betaal om die konsert by te woon, moet die komponis ŉ gedeelte van die inkomste ontvang.
- Komponiste wat ŉ alreeds heengegaan het, en nie die regte aan hul naasbestaandes nagelaat het nie, deel nie in die winste nie.
- Die berekening van tantieme is die verantwoordelikheid van die musiekregte organisasie.
- Kunstenaars betaal vir ŉ lisensie om die werke van lede op te voer.
- Die wins word dan aan alle lede uitbetaal op ŉ datum wat deur die SAMRO Direkteurs bepaal word. (3)

**[4]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

**GROOTTOTAAL: 120**